eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
**EASTERN CAPE**
EDUCATION

[redacted]

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2012

# AFRIKAANS HUISTAAL V1

**PUNTE:** 70

**TYD:** 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taal | (30) |

2. Lees ALLE instruksies noukeurig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Trek 'n streep na elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Skryf netjies en leesbaar.

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1 KOERANTBERIG, SPOTPRENT EN ADVERTENSIE

Lees en kyk na die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**KOERANTBERIG**

**ROOFTRUIE STEEL BAIE WERK**

**"Die impak en implikasies van roofprodukte is groot omdat dit die inkomste en werk van die ware kunstenaars en skeppers bedreig."**

DR. ROB DAVIES, MINISTER VAN HANDEL EN NYWERHEID

1. Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) het die afgelope week vervalste Springbokgoedere met 'n waarde van R43 miljoen in Johannesburg gekonfiskeer. Dit het meer as 66 000 vervalste Boktruie ingesluit.

2. Die probleem is dat die vervalste goedere heelwat goedkoper is as die amptelike produkte. Loop 'n mens in Woolworths in, kos 'n replika-Springboktrui jou R600. In Makro en Sportman's Warehouse is die prys R629,99. As 'n mens die truie oor die internet wil bestel van webwerwe soos WorldRugbyShop.com, moet jy sowat R639 opdok. Dit sluit nie die koste in om die trui tot by jou huis te kry nie.

3. Mnr. Zobuzwe Ngobese, woordvoerder van Adidas in Suid-Afrika, sê elke keer as daar 'n groot sportgebeurtenis soos 'n wêreldbeker plaasvind, neem die stortvloed vervalste produkte toe.

4. Adidas het verlede jaar tydens die Wêreldbeker-sokkertoernooi 'n groot kopseer gehad met vervalste produkte wat op straat en elders verskyn het. Dit is onseker hoeveel vervalste hemde verkoop is, maar die verkoop van vervalste truie het Adidas miljoene dollars gekos. Adidas het verlede jaar sowat 1 miljoen amptelike replikas van Bafana Bafana-hemde verkoop teen sowat R800 stuk.

5. Adidas, wat vanjaar spanne soos Nieu-Seeland en Wallis borg in die Wêreldbeker rugbytoernooi, het verlede jaar gesê dat daar ander, goedkoper produkte was wat ondersteuners kon koop indien hulle hul span wou ondersteun. 'n Mens hoef dus nie noodwendig die duur replika te koop nie.

6. Tussen Januarie en Junie 2010 het die Suid-Afrikaanse Polisiediens vervalste produkte ter waarde van R100 miljoen gekonfiskeer. Adidas se uitgangspunt was dat dit 'n bedryfsprobleem is en as bedryf is die probleem vasgevat. "Ons het die Polisie en ander beamptes opgelei om te kyk na die kwessie."

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


7. Ngobese sê die geheim is om die probleem by die bron vas te vat en in Suid-Afrika is dit die hawens en lughawens. “Dit werk die beste om die produkte daar te konfiskeer, voordat dit op straat verskyn.”

8. Volgens die departement van handel en nywerheid se jongste amptelike raming kos die diefstal van intellektuele eiendom en handel in vervalste produkte Suid-Afrika jaarliks meer as R2 miljard.

9. Dr Rob Davies, minister van die departement, sê die verkopers op straat is klein vissies. “Die groot breine is die vervaardigers wat agter die skerms sit,” het Davies in ’n onlangse toespraak gesê.

10. Die departement het aan die einde van 2010 die nasionale Anti-roof-veldtog gestig. Die doel hiervan was om bewustheid te skep oor die negatiewe uitwerking van roofprodukte.

11. “Die impak en implikasies van roofprodukte is groot omdat dit die inkomste en werk van die ware kunstenaars en skeppers bedreig,” sê Davies.

12. Hy sê vervalste goedere verlam die plaaslike vervaardigers in die klere- en die tekstielsektor.

13. Mnr. Brett Burgess, hoofbestuurder van Canterbury, (vervaardiger van die Boktrui) sê die produkte op straat lyk eg, maar die gehalte is swak. “Die namaaksels lyk in vele opsigte identies, met selfs die kentekens binnekant die truie wat lyk soos die ware Jacob. Mense moet egter weet indien hulle ’n trui op straat koop, is die kans 100% dat die trui vervals is.”

14. Burgess sê ondersteuners wat ’n trui wil koop en seker wil wees dis nie vervals nie, moet dit by ’n amptelike handelaar koop.

15. Mense moet besef hulle ondersteun misdaad en die sluikhandel as hulle truie van die straat af koop. “Die rede waarom smouse die truie kan verkoop teen R150, is omdat hulle nie doeane-en-aksyns betaal nie.”

16. “Hulle betaal ook geen geld oor aan sportliggame soos SARU nie. Hulle het ook nie ’n sent bestee aan ontwikkeling van die truie nie.”

17. Burgess sê smouse se truie word in ’n groot mate vervaardig deur kinderarbeiders en in fabrieke waar werkers uitgebuit word.

[Verwerk uit: Rapport, 04/09/11]

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Waarom maak die minister van handel en nywerheid kapsie teen roofprodukte? | (2) |
| 1.2 | Wat het direk aanleiding gegee tot die skryf van die berig? | (1) |
| 1.3 | Hoekom wend kopers hulle tot roofprodukte? | (1) |
| 1.4 | Watter afleiding maak mnr. Zobuzwe Ngobese rakende die hele problematiek? | (1) |
| 1.5 | Verduidelik wat Adidas se groot kopseer was met die verskyning van die vervalste produkte tydens die Wêreldbeker-sokkertoernooi. | (2) |
| 1.6 | Dink jy Adidas is nugter oor die hele kwessie? Motiveer jou antwoord uit die teks. | (2) |
| 1.7 | Hoekom kan beweer word dat Adidas 'n daadwerklike poging aangewend het om die probleem te bekamp? | (2) |
| 1.8 | Hoe skakel lughawens en hawens in by die hele aangeleentheid? | (2) |
| 1.9 | Waarom is roofprodukte nadelig vir 'n land? | (1) |
| 1.10 | Watter gevolge hou roofprodukte vir kunstenaars en skeppers in? | (2) |
| 1.11 | Wat is veral kommerwekkend oor roofprodukte? | (1) |
| 1.12 | Verklaar waarom roofprodukte ook 'n morele kwessie aanspreek. | (1) |

**EN**

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## SPOTPRENT




[Uit: Die Burger, 03/09/11]

1.13 Watter aktuele kwessie spreek die spotprent aan? (1)

1.14 Wat is die geïmpliseerde betekenis van die renoster se woorde? (1)

1.15 Verklaar die skilpad se gesigsuitdrukking wat na Mathilda kyk. (1)

1.16 Waarom kan die muis se woorde “Die bekendes gaan boots and all veg vir renosters” as dubbelsinnig beskou word? (2)

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**ADVERTENSIE**




**SMS "CLIO" AAN 31146 VIR 'n TOETSRIT IN DIE CLIO 1.6 S EN JY KAN DALK DAARIN HUIS TOE RY**.** By sy standaard reeks koel kenmerke soos ABS-remme, ses lugsakke, 16" Wit Canasta sport-allooivellings en 'S'-spesifieke bekleedsel het ons nou nóg 'n opwindende eienskap bygevoeg... die vervoering wat jy ervaar agter die stuur van jou nuwe Clio 1.6 S.

*Dit alles kan joune wees vir 'n deposito van 16% oor 'n 60-maande periode met 'n ballonpaaiement van R62 965 teen 'n rentekoers van 5,55%. Kleinhandelprys: R179 900 (totale koste: R180 916)

Kleinhandelprys in ooreenstemming met die pryslys van Augustus 2011. Pryse sluit "op-die-padkoste" uit. **Bepalings & voorwaardes geld.

[Verwerk uit: Motors Bylae – Die Burger, 08/09/11]

1.17 Hoe sluit die opskrif van die advertensie by die persoon in die advertensie aan? (2)

1.18 Die Clio 1.6 S is om twee redes 'n goeie koop. Skryf die redes onder mekaar in volsinne neer. (2)

1.19 Wat moet 'n mens doen om die motor te wen? (1)

1.20 Waarom kan die advertensie as geslaagd beskou word? (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

Lees die onderstaande teks en maak ŉ opsomming van 7 wyses hoe om jou energievlakke op te bou. Jou opsomming moet in jou eie woorde puntsgewys aangebied word en mag nie meer as 70 woorde beslaan nie. Dui die getal woorde aan.

**Hupstoot vir die lente**

In die winter is ons energievlakke gewoonlik laag. Claudine Ryan, geregistreerde dieetkundige van die Compass Group gee raad hoe om jou energievlakke op te bou.

Danksy die hoë seleniuminhoud, verlig knoffel jou gemoed en dien ook as natuurlike antidepressant. Ander bronne van selenium is Brasiliaanse neute, vis, oesters en vleis. Vitamien $B_1$ is noodsaaklik vir normale breinfunksie en ŉ tekort lei tot lusteloosheid, moegheid en depressie. Goeie bronne sluit donkergroen groente, vrugte, suiwel en rys in.

ŉ Afname in hidrasie – self net 1-2% – kan jou moeg en lusteloos laat voel. Drink agt glase water per dag om jou energievlakke te handhaaf.

Kafeïen is ŉ stimulant en baie energiekos en -drankies is propvol daarvan. Dit kan tot irritasie, hoofpyn, rusteloosheid en slaapprobleme lei, wat jou nog moeër sal laat voel.

ŉ Gebrek aan son en koue weer kan serotonienvlakke verlaag. Dis die brein se goedvoelhormone en ŉ gebrek daaraan kan ŉ sneller vir ŉ ligte vorm van depressie wees. Oefening is ŉ natuurlike gemoedverligter. Endorfiene word deur oefening vrygestel en dit lei tot ŉ kalm gemoed, wat tot ŉ dag kan duur. Gereelde oefening verbeter energievlakke, beveg moegheid, verlig spanning en angs en laat jou oor die algemeen goed voel.

Lang rukke sonder kos verminder energievlakke, veral as jy reeds moeg en gestres is. Klein hoeveelhede koolhidraatkos deur die dag lei daartoe dat jy jou bloedglukose- en energievlakke behou. Mik vir drie middelslagetes per dag met twee tot drie ligte versnaperinge tussenin.

Kos met ŉ lae Glukemiese indeks (GI) is ŉ goeie bron van volgehoue energie omdat dit stadiger in die liggaam vrygestel word en dus bloedsuikervlakke stabiel hou, wat energievlakke beheer. Moenie op suikersnoepgoed staatmaak om jou vinnig op te kikker as jy moeg voel nie.

Sonlig is die beste bron van vitamien D, ŉ hormoon wat deur die liggaam vervaardig word. Lae vlakke van vitamien D hou met verlaagde energievlakke en ŉ somber gemoed verband. Verstandige sonblootstelling van vyf tot tien minute twee tot drie keer per week sal genoegsame vitamien D verseker. Blootstelling aan arms en bene is genoeg. Vitamien D kom ook in suiwelprodukte en vis voor.

Sterk speserye help om kos te verteer, wat dit vinniger vir die liggaam beskikbaar maak en bloedsuikervlakke stabiliseer. Voeg paprika, brandrissies of kerrie by jou middagete vir ŉ energiehupstoot en om te keer dat jy die middag ŉ moegheid beleef.

[Verwerk uit: Vrouekeur, 02/09/11]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING C: TAAL**

**VRAAG 3 BRIEF EN STROKIESPRENTE**

Lees die onderstaande tekste en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**"Sersant" aanwins vir haar werkgewer**

1. Ek moes 'n kleinigheid by die SA Inkomstediens op Uitenhage gaan doen en na al die stories wat ek gehoor het, het ek my klaargemaak vir 'n lang dag in die warm son.

2. Na ongeveer twee minute se wag kom 'n vriendelike veiligheidswag daar aan. Haar uniform is so netjies soos kan kom en sy het twee strepe op die skouer. Ek sê vir haar sy laat my aan 'n sersant dink en blitsig kom die antwoord: "Maar ek is 'n baie kwaai sersant, Meneer."

3. Ek wys haar die brief wat ek ontvang het. Dadelik neem sy my na 'n kantoortjie en oorhandig 'n vorm wat voltooi moet word.

4. Ek groet en toe hoor ek: "'n Lekker dag verder, Meneer!"

5. Vanoggend (Maandag) neem ouma en ek die voltooide vorm terug. 'n Klompie mense is reeds in die ry en toe gebeur die wonderlike.

6. 'n Veiligheidswag met 'n groot glimlag kom na my en ouma en wys ons 'n ander ry waar die "ou mense" wag. Skaars gestaan, toe kom "sersant" daar aan en sy en 'n ander wag neem ons die vertrek in waar ons op stoele kan sit.

7. Ja, ons moes ons beurt afwag, maar na slegs 'n uur is ons met dankbare harte daar uit. Sulke proffesionele en vriendelike diens kry jy nie deesdae oral nie.

8. Ons kom buite en daar staan "sersant" weer besig om iemand te help.

9. Sy is Denise Titus, een van die vriendelikste en mees spontane mense met wie ek al te doen gekry het. Ek groet en weer die wens vir 'n lekker dag van haar kant af.

10. Wat ons in hierdie moeilike tye nodig het, is meer van haar soort (wie / wat) met 'n glimlag op die gesig hul daaglikse brood en botter verdien.

11. Ek weet baie mense kla soms oor onaanvaarbare diens, maar is dit nie dalk omdat die klaers nie ook 'n vriendelike woord vir die amptenare het nie?

12. Denise Titus is 'n aanwins vir haar werkgewer en 'n lopende voorbeeld van hoe die publiek behandel behoort te word.

Hannes Slabbert
Despatch
[Uit: Die Burger, 08/09/11]

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


3.1 Gee die afkorting van *sersant* (opskrif) (1)

3.2 Waarom is *sersant* tussen aanhalingstekens geskryf? (opskrif) (1)

3.3 Skryf 'n antoniem van *werkgewer* (opskrif) neer. (1)

3.4 Skryf die meervoud van *kleinigheid* (par. 1) neer. (1)

3.5 Paragraaf 1 bestaan uit een sin. Hierdie sin is 'n...

A. enkelvoudige sin.
B. samegestelde sin.
C. veelvoudige sin.
D. neweskikkende sin. (1)

3.6 Gee die betekenis van *klaargemaak* in paragraaf 1 en in die volgende sin:
Die lang reis het hom klaargemaak? (2)

3.7 *'n Lang dag* (par.1) kan lei tot 'n lang gesig. Verduidelik kortliks wat die idioom beteken. (1)

3.8 Skryf die verkleinwoord van *son* (par.1) neer. (1)

3.9 Skryf die eerste sin van paragraaf 2 in die verlede tyd. (1)

3.10 Gee die intensiewe vorm van *netjies* (par.2) (1)

3.11 Skryf sersant se woorde in paragraaf 2 in die direkte rede. (1)

3.12 Gebruik *wys* (par.3) as 'n byvoeglike naamwoord in 'n sin. (1)

3.13 Soek die spelfout in paragraaf 7 en stel dit reg (korrigeer). (1)

3.14 Verander die taalgogga wat in paragraaf 5 voorkom. (1)

3.15 Skryf *Ons kan op stoele sit* (par.6) in die lydende vorm. (1)

3.16 Wanneer sal die meervoud *hartens* gebruik word in plaas van die harte in paragraaf 7? (1)

3.17 Kies die korrekte voornaamwoord in paragraaf 10. (1)

3.18 Vorm 'n idiomatiese uitdrukking van die stam *kla* (par.11) deur slegs 'n stam by te voeg. (1)

3.19 Skryf 'n teenwoordige deelwoord uit paragraaf 11 of 12 neer. (1)

**EN**

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com





[Uit: Die Burger, 09/09/11]

3.20 Wat bedoel Hägar met sy woorde in die eerste raampie? (1)

3.21 Wat is die geïmpliseerde betekenis van die tweede spreker se woorde? (1)




[Uit: Die Burger, 09/09/11]

3.22 Skryf die tweede raampie oor in die ontkennende vorm. (1)

3.23 Wat word die aksentteken op *nè* genoem? (1)

3.24 Waarom kan die tweede spreker in raampie 3 nie as in vertroueling beskou word nie? (1)

Downloaded from eduresourceza.com
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com





[Uit: Die Burger, 08/09/11]

3.25 Verander die laaste bevelsin in ŉ versoeksin. (1)

3.26 Skryf die oortreffende trap van *baie* neer. (1)




[Uit: Die Burger, 09/09/11]

3.27 Skryf *Dit klink fantasties!* oor in neutrale taal (1)

3.28 Brei *Wat eet ons*? uit deur in bywoordelike bysin te gebruik. (1)

3.29 Skryf enige samestelling uit die gedeelte neer. (1)

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**GROOTTOTAAL: 70**

Downloaded from eduresourceza.com